# Hoofletters

Ons gebruik hoofletters
- om 'n sin mee te begin, bv. **M**y naam is …
- vir name van mense en diere, bv. **S**ipho, **S**mith, **W**agter
- vir name van plekke, berge en riviere, bv. **G**auteng, **D**rakensberge, **V**aalrivier
- vir name van tale en nasionaliteite, bv. **A**frikaans, **A**frikaner, **S**uid-**A**frikaner
- vir name van boeke, tydskrifte, koerante en produkte, bv. **R**ooi **R**ose, **T**oyota
- vir die maande van die jaar en die dae van die week, bv. **A**ugustus, **S**ondag
- vir die name van organisasies, bv. **U**niversiteit van **P**retoria, **S**uid-**A**frikaanse **L**ugdiens
- vir sekere afkortings, bv. **HAT**, **A**ug., **S**o., **UP**.

1. Skryf die sinne oor en voeg hoofletters in waar nodig.

   a) ons gaan in die winter by my tannie in mbombela kuier.

   ______________________________________________

   b) die seisoen waarvan pappa die meeste hou, is lente.

   ______________________________________________

   c) ek het in die beeld gelees dat jupiter die grootste planeet is.

   ______________________________________________

   d) tebogo moet haar id die saterdag na die partytjie saamneem.

   ______________________________________________

   e) weet jy waarvoor die afkortings eng., apr. en anc staan?

   ______________________________________________

2. Maak 'n regmerkie langs die sin waar die hoofletters korrek gebruik is.

   a)

| | |
|---|---|
| Nelson r. Mandela is in 1994 tot president verkies. | |
| Nelson R. Mandela is in 1994 tot president verkies. | |
| Nelson R. Mandela is in 1994 tot President verkies. | |

   b)

| | |
|---|---|
| My oom bly in Schoemanstraat 444, Bloemfontein. | |
| My Oom bly in 444 Schoemanstraat, Bloemfontein. | |
| My oom bly in Schoeman Straat 444, Bloemfontein. | |

**Wenke**

Wanneer 'n sin met die lidwoord **'n** begin, word die woord direk daarna met 'n hoofletter geskryf, bv. 'n **M**ens moet by die rooi lig stop.

Titels en aanspreekvorme word nie in die middel van 'n sin met 'n hoofletter geskryf nie, behalwe as dit in die plek van 'n persoon se naam gebruik word, bv. Ek kan nie, **M**a. Ek help **o**om John. Kan Jenny nie saam met **O**upa en **t**annie **R**ia na **d**s. **V**erwey gaan nie?

© Oxford University Press Southern Africa

## Hoofletters

Name van dorpe, stede, provinsies en lande kan met behulp van ’n **agtervoegsel** (*suffix*) in ’n afleiding verander word om persoonsname en **byvoeglike naamwoorde** (*adjectives*) te vorm. Sulke afleidings word dan met ’n hoofletter geskryf.

**Voorbeelde:** **Italianers** woon in **Italië** en hulle hou van **Italiaanse** kos.
Die **Pretorianer** het **Kaapstad** toe verhuis nadat hy met ’n **Ierse** meisie getroud is.

### Ken die woorde

dr. – dokter
ds. – dominee
mev. – mevrou
mnr. – meneer
prof. – professor

3. Onderstreep elke keer die korrekte afleiding.
   a) In (Asia/Asië) woon baie (Chinese/Chinas), (Japannese/Japanners) en (Taiwanners/Taiwannese).
   b) Die (Amerikaanses/Amerikaners) praat altyd hard in hul (Amerikaanse/Amerikaner) aksent.
   c) Baie (Indiërs/lndiane) bly nie meer in (Indië/lndia) nie, maar het na die (Europeër/Europese) lande getrek.

4. Wat word die inwoners van die lande genoem?
   a) Suid-Afrika ______________________
   b) Namibië ______________________
   c) Engeland ______________________
   d) Frankryk ______________________
   e) Rusland ______________________

### Wenke

Elke deel van ’n **van** (*surname*) wat uit meer as een deel bestaan, begin met ’n hoofletter, bv. **L**e **R**oux.
Wanneer die van deur ’n voorletter of voornaam voorafgegaan word, word die eerste deel egter met ’n kleinletter geskryf, bv. Retha **l**e Roux of R. **l**e Roux.

5. Merk met ’n kleurpen die letters in die gedig wat met ’n hoofletter geskryf moet word.

’n niggie van my wat in wonderboom bly,
speel dinsdae toneel in die operahuis.
sy is net dertien, verjaar in mei –
maar op die verhoog praat sy vlot duits.
die huisgenoot het al oor haar berig;
mnr. jakes du toit was baie verbaas!
hy’s die hoof van hoërskool fakkellig
en wil maria graag by hul laat plaas.


© Oxford University Press Southern Africa